

Votum

So sê die Here
'n Gekerm word op Rama gehoor,
'n gehuil vol hartseer:
Ragel treur oor haar kinders,
sy wil haar nie laat troos nie,
want haar kinders is weg.
So sê die Here:
Sjijt, Moenie meer huil nie,
moenie trane in jou oë hê nie
vir al jou swaarkry sal y vergoed word sê
die here
jou kinders sal uit die vyand se land
terugkom (Jeremia 31:15-16)

Genade en vrede van God, wat selfs ons troos wanneer ons huil.

Skriflesing Klaagliedere 2: 11-22

Preek “’n Klaaglied vir die wêreld”

1. Ons teks vannaand kom uit een van die hartverskeurende boeke in die Ou Testament: Klaagliedere. Hierdie boek verwoord vir ons die wanhopige klagte van Jerusalem se inwoners nadat die tempel en 'n groot deel van hulle stad vernietig is. Dogter Sion, wat uitgebeeld word as 'n ma wat treur oor die verlies van haar kinders word aangemoedig om haar hart voor God uit te stort, om te huil totdat sy nie meer trane oor het nie. Sy moet enigiets doen om God se aandag te kry, vir haar kinders wat besig is om van honger te sterf. Sy smeek God om haar situasie te herken, om die lyding van haar kinders raak te sien:
2. Die klaagliedere in hierdie boek dien as 'n spieël vir die pyn en lyding van talle mense rondom die wêreld. 'n Wyle gelede het ek ons eie film “Yesterday” gesien wat my net weer herinner het hoeveel daar is waaroor ons kan huil as ons na die wêreld rondom ons kyk.
3. “Yesterday,” die eerste film wat in Zulu met Engelse onderskrifte verfilm is, vertel die storie van 'n jong SANse vrou, genaamd Yesterday wat leer dat sy HIV/AIDS het. In hierdie baie hartseer film wat die verhaal vertel van Yesterday, haar dogter Beauty en haar man wat ook AIDS het, word ons uitgedaag om raak te sien hoeveel daar in die wêreld is om te huil:

- Ons huil oor al die vroue wat daagliks na die een waterpomp in die dorp moet loop en vir kilometers ver hulle drinkwater in ‘n swaar houer op hulle koppe moet dra
- Ons huil oor al die vroue wat 2 ure na die naaste kliniek moet loop om ‘n dokter te sien, slegs om nie net een keer nie, maar ‘n paar keer weggestuur te word omdat daar te veel mense is wat die een beskikbare dokter moet sien.
- Ons huil oor die baie mans en vrouens wat nie instaat is om te lees nie, wat gekniehalter word deur die gebrek van onderrig en geleentheid om hulle self op te hef
- Ons huil oor die baie vroue wat HIV van hulle mans wat in die stad werk om net ‘n paar keer per jaar terug te keer, kry
- Ons huil oor die baie kinders soos Beauty wat wees groot word na beide ouers sterf aan hierdie verskriklike siekte

En dit is maar net een verhaal. Ons hoef nie te ver te dink om aan ander pynlike ervarings te dink wat aangaan soos ons hier praat nie: armoede, geweld, die voortslepende rassisme en seksisme, etniese geweld, oorlog

In die lig van hierdie realiteit, kom ons doen ‘n gebed vir die wêreld waarin ons klaaglied voor GOD bring. Ons bid saam in die woorde van **“Sorrowing Song” (1986) ‘n Nieu Seelandse gesang geskryf deur Robin Mann:**

1. Lord, hear my praying, listen to me;
you know there’s evil in what I see.
I know I’m part of all that is wrong:
still, won’t you hear my sorrowing song?
2. Children are crying, hungry for food.
sick from diseases – God, are you good?
People are homeless, lost and alone –
God, are you hiding? Where have you gone?
3. Why do the rich steal from the poor?
Why do they build their weapons of war?
How can you stand the torture and pain,
hope disappearing, freedom in chains?
4. Lord, hear my praying, listen to me;
you know there’s evil in what I see.
I know I’m part of all that is wrong:
still, won’t you hear my sorrowing song?

(from Let’s Sing It Again: 20 of Robin Mann’s Best Community Songs (Adelaide: Openbook Publishers, 1999), 24-25)

4. So wat maak ‘n mens met al hierdie hartseer in die wêreld? Een van die beste boeke wat ek al gelees het oor die boek Klaagliedere is geskryf deur Tod Linafeld met die titel “Surviving Lamentations.” Hierdie titel is vir my baie mooi vir die volgende drie redes: In die eerste plek is die boek Klaagliedere paradoksaal gesproke ‘n getuigskrif van *oorlewing*. Ten spyte van die

verskrikking wat die sprekers beleef het, is die blote feit dat hulle nog kan huil, 'n teken dat hulle nog lewe! Selfs al is hulle besig om die nagmerrie te leef, bly die feit staan dat hulle die tragedie oorleef het.

5. Die boek *Klaagliedere* help ons om te verstaan dat maak nie saak wat die lewe na my kan toe gooi nie ... ek sál oorleef! In die middel van die beskrywing van dood, vind 'n mens tog nog tekens van hoop, opflikkerings van lewe, iets wat 'n mens terreg "Surviving Lamentations" kan noem.
6. In die film *Yesterday* sien ons dit pragtig uitgebeeld. Die jong vrou *Yesterday* word ten spyte van haar siekte 'n "survivor." Sy hou styf van aan die lewe en weier om te sterf voordat sy vir haar sterwende man gesorg het en voordat haar dogter *Beauty* skool begin het. Die film eindig waar *Yesterday* uiteindelik haar woede wys, ontsettend huil oor die onreg wat aan haar gedoen is. oor die siekte wat haar lewe weggeneem het en haar dogter van haar ma kom beroof het. In haar klaaglied word *Yesterday* 'n uitstekende voorbeeld van 'n vrou wat aan die lewe vasklou. En haar klaaglied soos ook in die boek *Klaagliedere* leef aan om te dien as 'n gedenksteen vir die talle ander mans en vroue soos sy wat sterf van voorkombare siektes.
4. Die tweede punt waar *Linafeldt* se titel *Surviving Lamentations* waardevol is, het te make met die idee van *troos*. In *Klaagliedere 2* beskryf die verteller die lot van die stad wat vernietig is, en vra: "Wie kan jou genees?"(2:13). Maar dit blyk asof daar niemand is wat kan help nie. Selfs God, van wie 'n mens tog troos en hulp sou verwag, het eintlik hulle vyand geword, en is volgens die verteller direk verantwoordelik vir die situasie waarin *Sion* beland het. Dit lyk nie eens of God die stad se lyding opmerk nie.
5. Maar tog is daar iemand wat vir *Dogter Sion* troos. In *Klaagliedere 2* sien die verteller self *Sion* se pyn raak. Hy hoor *Dogter Sion* se hartseer krete, en hy huil saam met haar. Hy moedig haar aan om haar diepste pyn en woede uit te stort. Hy deel haar pyn, en in die proses bied hy haar iets baie kosbaars: Hy gee haar iets van haar waardigheid terug.
6. Die Duitsers het 'n mooi woord wat hierdie soort daad beskryf: *Mitleid* – om saam te ly. Deur die empatie van een individu – in hierdie geval die verteller van die verhaal van *Klaagliedere* – word iets van "Surviving Lamentations" waar. Want dit is die liefde en sorg van mense om jou, wat 'n mens in staat stel om klaaglied-tye te oorleef.
7. "Mitleid" is ook 'n sentrale tema in die film *Yesterday*. Ons sien dit veral in *Yesterday* se nuwe vriendin, die onderwyser wat haar aanmoedig om na die kliniek te gaan. Na 2 mislukte pogings, is dit hierdie vriendin wat *Yesterday* se taxi betaal sodat sy vroeër by die kliniek kan kom sodat die dokter haar uiteindelik kan sien. Dit is haar vriend wat haar trooster word wanneer die hele dorp teen haar draai net omdat hulle nie hierdie siekte verstaan nie. en dit is haar vriend wat uiteindelik

belowe om vir Beauty te sorg, om vir haar lief te wees soos 'n eie dogter nadat Yesterday uiteindelik wel sterf.

8. Die laaste rede waarop Linafeldt se titel *Surviving Lamentations* gepas is het te make met die nalewe van hierdie teks. In die boek Klaagliedere sien ons hoe God nooit direk reageer op Dogter Sion se lyding nie. In die Hebreeuse teks eindig Klaagliedere 2 trouens met die woorde “tot 'n einde bring”. Die lewe van al Sion se kinders is beëindig. Dit lyk asof daar geen hoop is nie.
9. Maar die hoop om Klaagliedere te oorleef is nie heeltemal geblus nie. Iets in hierdie teks het verseg om te sterf, sodat die skrywers van latere Bybelboeke die drang gevoel het om God se ontbrekende antwoord te voorsien.
10. So is die boek Klaagliedere is nie die laaste boek in die Ou Testament nie. Die vernietiging van die stad Jerusalem se tempel en se inwoners, spreek nie die laaste woord nie. 'n Aantal dekades later sou 'n profeet die lank verwagte woorde van hoop spreek. In Jesaja 49:13-18 lees ons hoe God sy kinders tóg getroos en barmhartigheid bewys het aan dié wat pyn verduur het:

Jubel, o hemel!
Juig o aarde!
Bars uit in sang, o berge!
Want die Here het sy mense getroos,
en sal dié wat ly, barmhartig wees (**Jes 49:13**).

11. Maar Sion is huiwerig om dié troos te aanvaar. In die lig van God se gebrek aan reaksie in Klaagliedere is dit te verstane dat Sion dié uitspraak bevraagteken. Dogter Sion bly oortuig dat God van haar vergeet en haar verwerp het. Sy sê: “Die Here het my verlaat, die Here het my vergeet” (49:14). Maar in Jesaja 49:15 spreek God dié vrese aan en antwoord haar met die mooiste woorde:

Kan 'n vrou haar kind wat sy borsvoed
vergeet,
of nie liefde bewys aan die kind wat sy in
die lewe gebring het nie?
Maar selfs al sou sý vergeet
– Ék sal jou nooit vergeet nie.

12. Jesaja gebruik die beeld van 'n vrou wat haar kind borsvoed as om God se diepe liefde te illustreer. Wanneer God vra of 'n ma dan nie liefde sou bewys aan haar kind, wat sy nege maande lank gedra het, nie – is dit eintlik 'n retoriese vraag, want die antwoord daarop is vanselfsprekend “nee”, 'n vrou sal mos nooit so iets doen nie. Maar selfs al sou iets so hoog onwaarskynliks gebeur, sal God dit nooit doen nie. God is self die Ma by uitnemendheid.
13. In die res van Jesaja 49, lees ons hoe God Dogter Sion in die palm van die hand hou, en hoe God Sion se seuns en dogters na haar toe sal terugbring. Voorwaar, Jesaja 49 getuig van die realiteit van wat dit beteken om Klaagliedere te oorleef. Ons kan vashou aan die hoop dat kwaad nie die laaste

woord spreek nie; dat tragedie oorkom kan word; dat God wel goeie goed vir God se kinders wil hê.

14. Dit is nogal treffend dat die film Yesterday tenspyte van die donker tema tog met 'n stukkie hoop eindig. Dit is te vind in Beauty, Yesterday se dogter. In die tweedelaaste scene in die film sien ons Beauty op haar eerste skooldag, in a skool uniform wat 3 keer te groot is vir haar. In Beauty is die hoop vir die toekoms geleë. In 'n onderwyser wat belooft om ma vir hierdie weeskind te wees.
15. Terwyl ons ons klaagliedere vir die wêreld sing, mag ons deur ons trane heen vashou aan die oortuiging dat God die groot Trooster is wat nooit die Yesterdays en die Beauties van die wêreld sal vergeet nie.
16. Iets hiervan lees ons ook in die Nuwe Testament waar Paulus in Romeine 8:35, 38-39 sê:

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard ...? Hiervan is ek oortuig: Geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here (NAV).